Skooldrag

Somersdrag: Seuns en dogters

Somer (Ongeveer September tot Mei)

Seuns

Bottelgroen kortmou skoolhemp met wapen
Grys kortbroek
Grys kniekouse met oranje en wit strepies op omslag
Swart toerygskoolskoene/kaalvoet
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen windjekker met skoolwapen of skoolbaadjie. Die skoolbaadjie mag slegs saam met skoene en kouse gedra word.
Bottelgroen reënbaadjie mag slegs gedra word as dit reën.
Skoolpet om te dra vir beskerming teen son.

Dogters

Wit en groen geruite rok met bottel-groen kraag en mouboordjie omslag
Bottelgroen broekie ("skipants")
Kort groen skoolsokkies met oranje en wit strepies op omslag
Swart skoolskoene/kaalvoet
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen windjekker met skoolwapen of skoolbaadjie. Die skoolbaadjie mag slegs saam met skoene en kouse gedra word.
Bottelgroen reënbaadjie mag slegs gedra word as dit reën.
Skoolpet om te dra vir beskerming teen son.

Wintersdrag: Seuns en dogters

Winter (Ongeveer Mei tot September)

Seuns:

Bottelgroen langmou skoolhemp met wapen
Skooldas (opsioneel)
Grys langbroek
Grys kniekouse soos vir somer
Swart toerygskoolskoene
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om hals en mou-omslag
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om hals
Windjekker met wapen of skoolbaadjie
Bottelgroen reënbaadjies mag slegs gedra word as dit reën.
Serp, mus en handskoene indien verlang – bottelgroen effekleur

Dogters:

Bottelgroen langmou skoolhemp met wapen. Skooldas (opsioneel)
Gr. 1 – gr. 5: Bottelgroen langbroek, grys langbroek of donkergroen romp. Vir gr. 1 tot gr. 3 word die langbroek aanbeveel.
Gr. 6 en gr. 7: Bottelgroen geplooide romp (LW: Romplengte is 3 – 8cm vanaf grond wanneer dogter kniel)
By langbroek: kort bottelgroen skoolsokkies met oranje en wit strepies – tot gr. 7 toelaatbaar.
By romp: grys kniekouse met oranje en wit strepies op omslag of swart broekiekouse (78 Decitex) – geen lang "skipants" nie
Swart skoolskoene
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om hals en mou-omslag
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om hals
Windjekker met wapen of skoolbaadjie
Bottelgroen reënbaadjies mag slegs gedra word as dit reën.
Serp, mus en handskoene indien verlang – bottelgroen effekleur

Verjaarsdae: Dieselfde as by somerdrag.

Spesiale vergunning dat leerders in die wintermaande hul LO-drag daagliks skool toe mag aantrek. Leerder moet egter in volle skooldrag (winter en/of somer) geklee wees wanneer hul Laerskool Fairland verteenwoordig (bv. Redenaars, ens.)

.../5

LO-drag: Seuns en dogters

Somer

LO-drag: Groen broek en groen en oranje-hemp met skoolwapen.
Tekkies met LO-kouse -opsioneel in somer. Leerders mag egter Laerskool Fairland se "insteek-plakkies" saam met hul somers LO-drag dra.
Sweetpak of oranje "fleecy top" mag in koeler weer gedra word.

Fairland Insteek-plakkies

Die leerders mag in die somer saam met hul LO-drag hierdie plakkies aantrek.

U kan die plakkies by die Fairland-Aanlynwinkel aankoop (www.laerskoolfairland.co.za/fairland-winkel)

Winter

LO-drag: skoolsweetpak of oranje "fleecy top"
Tekkies met LO-kouse.
Groen "skins" onder LO-drag

Die groen/oranje LO-kouse is in die Vere-kas beskikbaar teen R75.00 'n paar. Die dra van die kouse saam met LO-drag en tekkies is verpligtend.

SKOOLDRAG: ALGEMENE VOORKOMS (SEUNS EN DOGTERS)

Laerskool Fairland strewe na 'n besonderse skoolidentiteit deur eenvormige, netjiese skooldrag en voorkoms om 'n persoonlike trots en positiewe selfbeeld by elke leerder te kweek.

Die skooldrag is die trots van Laerskool Fairland en daarom moet leerders te alle tye korrek geklee wees. Die skooldrag en algemene riglyne oor voorkoms is deur die beheerliggaam goedgekeur. Afwyking van hierdie riglyne sal nie sonder die goedkeuring van die beheerliggaam of skoolbestuur toegelaat en geduld word nie.

.../6

Algemene skooldragreëls vir seuns

Hemde moet te alle tye netjies en behoorlik in broek ingesteek wees en mag nie uithang nie. T-hemde en langmoufrokkies mag nie onder 'n skool- of LO-drag gedra word sodat lang moue onder die hemp uitsteek nie. (Dit is wel toelaatbaar as dit effens bo by 'n oopknoophemp sigbaar is.) Die LO-drag hempie mag oor LO-drag broekie gedra word. Slegs groen "skins"mag onder LO-drag gedra word.

Langbroeke moet om die middel pas en nie om die heupe nie – ordentlik opgetrek met 'n gordel indien nodig. Broeke mag nie halfmas oor die heupe gedra word nie.

Boksers mag nie uitsteek nie.

Truie se moue mag nie opgetrek word nie en mag nie stukkend of uitgetorring wees nie.

Kouse moet te alle tye netjies en opgetrek wees.

Slegs erkende swart skoene word toegelaat en moet netjies en skoon wees.

Slegs Fairland Insteekplakkies en gewone tekkies is toelaatbaar.

LO-drag mag slegs gedra word op dae wanneer die leerder wel LO het en nie op ander dae nie. Sien onder Wintersdrag – Spesiale vergunning.

Kleurbaadjie/Skoolbaadjie mag nie oor LO-drag of gewone klere gedra word nie.
Geen baadjies mag om middel geknoop word nie.

Haarreëls

- Hare moet te alle tye netjies en goed versorg wees. Wanneer die kop regop gehou word, mag die hare nie aan die kraag raak nie.
- Hare mag nie oor die ore hang as dit regaf gekam word nie.
- Die kuif moet ten minste 1 cm bokant die wenkbroue wees, indien die hare regaf gekam word.
- Die hare kan geleidelik vanaf die nek na bo langer word.
- Geen "steps", "undercuts", "mowhawks" en enige ander vreemde of onnatuurlike style word toegelaat nie.
- Hare mag glad nie gekleur word nie en strepies (highlights) is verbode.
- Haargel mag gebruik word, maar dit moet matig aangewend word.

Lapelwapens en armbande

'n Kettinkie met mediese voorskrifte is toelaatbaar.

Slegs lapelwapens soos deur die skool uitgereik en toegeken soos toppresteerder, medialeier, leerlingraad, ens. word toegelaat – ***slegs vir relevante jaar***.

Items wat nie aan die reëls voldoen nie, sal afgeneem word en kan aan die einde van die kwartaal opgeëis word.

Juwele

Polshorlosies wat eenvoudig is en nie uitstaan nie, is toelaatbaar.

Geen ringe (seël-, tong-, oor-, lip- of oogbankringe) word toegelaat nie.

Items wat nie aan die reëls voldoen nie, sal afgeneem word en kan aan die einde van die kwartaal opgeëis word.

Naels en grimering

Naels moet kort en skoon wees.

Kougom is verbode ***.../7***

Algemene skooldragreëls vir dogters

Somerrompe: Die gordels van die somerrokke moet los om die middel gedra word en nie laag oor die heupe nie.

Winterrompe: Die romp moet net onder die naeltjie pas, nie laag op die heupe nie. Die bokant van die romp mag nie omgerol word nie. Die lengte moet ongeveer 3 - 8 cm bokant die knie wees as die dogter kniel.

Hemde moet te alle tye netjies en behoorlik in broek ingesteek wees en mag nie uithang nie. T-hemde en langmoufrokkies mag nie onder 'n skool- of LO-drag gedra word sodat lang moue onder die hemp uitsteek nie. (Dit is wel toelaatbaar as dit effens bo by 'n oopknoophemp sigbaar is.) Die LO-drag hempie mag oor LO-drag broekie gedra word. Slegs groen "skins" mag onder LO-drag gedra word.

Truie se moue mag nie opgetrek word nie en mag nie stukkend of uitgetorring wees nie.

Slegs erkende swart skoene word toegelaat en moet netjies en skoon wees.

Slegs Fairland Insteekplakkies en gewone tekkies is toelaatbaar.

LO-drag mag slegs gedra word op dae wanneer die leerder wel LO het en nie op ander dae nie. Sien onder Wintersdrag – Spesiale vergunning.

Kleurbaadjie/Skoolbaadjie mag nie oor LO-drag of gewone klere gedra word nie.
Geen baadjies mag om middel geknoop word nie.

Haarreëls

Hare moet te alle tye netjies en goed versorg wees.

- Enige vreemde of onnatuurlike style word nie toegelaat nie.
- Hare mag glad nie gekleur word nie en strepies (highlights) is verbode.
- Haargel mag gebruik word, maar dit moet matig aangewend word.
- Hare moet vasgebind wees sodra dit oor die kraag hang.
- Kuiwe mag nie aan of oor die wenkbroue hang nie en moet vasgeknip word.
- Lang hare moet te alle tye netjies agter die ore vasgesteel wees.
- Geen lang hare mag in die gesig hang nie.

Lapelwapens en armbande:

'n Kettinkie met mediese voorskrifte is toelaatbaar.

Slegs lapelwapens soos deur die skool uitgereik en toegeken soos toppresteerder, medialeier, leerlingraad, ens. word toegelaat – ***slegs vir relevante jaar***.

Items wat nie aan die reëls voldoen nie, sal afgeneem word en kan aan die einde van die kwartaal opgeëis word.

Juwele

- Alle oorbelletjies moet klein en eenvoudig wees, soos bv. 'n klein silwer/goue knoppie. Nie enige knoppie groter as 2-3mm nie. Dogters mag ook die klein gekleurde groen steentjie of deurskynende glas (lyk soos 'n diamantjie) dra, aangesien dit by die skoolklere pas. Geen pêreloorbelletjies mag gedra word nie.
- Dogters mag ook klein ringetjies in hulle ore dra (goud of silwer). Die deursnee van die ringetjie mag nie meer as 1cm wees nie en die dikte mag nie 1mm oorskry nie. Geen ander oorringetjies, -knoppies of motiewe (hartjies, voëltjies, ens.) sal toegelaat word nie
- Geen ringe insluitende seëlringe mag gedra word nie. Ringe stel die leerder bloot aan ernstige handbeserings tydens spel.
- Halskettinkies en/of enkelkettinkies is ontoelaatbaar, tensy dit vir 'n mediese toestand gedra word.
- Geen armbande mag gedra word nie.
- Horlosies moet eenvoudig en funksioneel wees. (Sien reël onder selfoonbeleid)

Naels en grimering

Naels moet kort, skoon en ongeverf wees.

Geen kunsnaels en grimering word toegelaat nie.

Kougom is verbode ***.../8***

Leweransiers

CONSTANTIA SKOOLKLERE

Tel.no.: (011) 791-1300
Adres: Hoërskoolsentrum, Malibongwerylaan, Robindale, Randburg
e-posadres: w.vandyk@mweb.co.za

SCHOOL AND LEISURE

Tel.no.: (011) 431-0406
Adres: Heathway Square, Beyers Nauderylaan, Cresta, Johannesburg
Webtuiste: www.schoolandleisure.co.za

BURGERS BROERS (Geen sportdrag)

Tel.no.: (011) 782-1055
Beyers Naudelaan 159, Northcliff